Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad

VIR DIEGENE
GEWOOND AAN
DIE BESTE Jorrer SE WYNE

Die O.B.

VIR U VRIENDE
VIR U GASTE
EN VIR U Jorrer SE WYNE

VIERDE JAARGANG. WOENSDAG, 6 JUNIE 1945. No. 28.

# KOMMUNISTE GOOI VANGNET UIT NA PLATTELAND

## Betekenis van Stakings In Droëvrugte-Bedryf

***Op hul jongste konferensie in Kaapstad gehou 'n paar maande gelede, het die Kommunistiese Party besluit om tyd, aandag en kragte af te sonder vir die bolsjewisering van die kleurlinge op die platteland, in die dorpe en op die plase.***

***Ter voorbereiding vir hierdie stap het die kommuniste 'n intensiewe vakbond-propagandaveldtog geloods onder die kleurlinge wat werksaam is in plattelandse fabrieke, en terselfdertyd 'n kwaai aanval van stapel gestuur teen die boere in die Westelike Provinsie wat dan hul kleurling-plaasarbeiders skandelik sou uitbuit.***

Instede dat die owerheid dadelik opgetree het om die ondermynende propaganda stop te sit en die kommunistiese agitators binne perke te hou, is totaal niks gedoen nie. Inteendeel, die Minister van Justisie verklaar dat die Kommunistiese Party 'n demokratiese reg van bestaan in ons land het. Begryp jou aan! 'n Party wat sy bevele en fondse uit Moskou ontvang; wat openlik en uitdruklik strewe na gewelddadige binnelandse revolusie; wat die blanke heerskappy en die Westerse beskawing wil vernietig en vervang deur 'n swart diktatuur en totale anargie en chaos — so'n party het volgens dr. Colin Steyn demokratiese bestaansreg in Suid-Afrika.

### HANDLANGER

Die Kommunistiese Party het nie self na die platteland gegaan om rekrute te gaan werf nie; hy het een van sy handlangerorganisasies gestuur om dit te gaan doen. Hy het een van die vakbonde wat hy beheer, gestuur om die kleurlinge binne daardie vakbond te gaan organiseer.

Na die kleurlinge wat werksaam is in die groot droëvrugte-pakhuise in die Westelike Provinsie, het hy die Food and Canning Workers' Union gestuur. Die kommunistiese organiseerders van hierdie unie het hulle werk oënskynlik goed gedoen, en 'n deeglike houvas op hulle kleurlingwerkerslede gekry.

Maar nou moes die volgende stap volg. Hierdie kleurlingwerkers moes vir die Kommunistiese Party as sodanig gewen word. Om dit te doen, het ons Suid-Afrikaanse kommuniste maar weer die ou bekende en beproefde resep, wat deur die Moskouse Komintern uitgewerk is, gebruik. Die betrokke kommunistiesbeheerde vakunie het 'n staking georganiseer en dit tewens ook uitgeroep. Die Kommunistiese Party spring tans in om die „klassestryd" aan te voer, kommunistiese propaganda onder die stakers te versprei om kommunistiese selle en groepe te stig — in kort om die Kommunistiese Party op die dorpe van die Westelike Provinsie behoorlik in te grawe en te vestig.

### DOEL BEREIK

Dit is die betekenis van die staking in die droëvrugte-pakhuise op Wellington, Worcester en Robertson. Dit en niks anders nie.

Al gaan die kleurlingstakers niks wen met hierdie staking nie, al sou die staking ook heeltemal misluk uit die standpunt van die stakers gesien, dan sal die Kommunistiese Party tog sy doel met die staking bereik het. Hulle sal kommunisme oorgeplant het na die dorpe van die Westelike Provinsie en hulle agitators sal sorg dat die kleurlinge aldaar in 'n gedurige toestand van ontevredenheid bly, wat moet uitloop op die revolusie uiteindelik.

Die beste vriende van die kommuniste is daardie goedgelowige en niksvermoedende mense wat alte gereed is om te sê: Ag, nee wat, dis nie so erg nie. Dit is hierdie mense wat verantwoordelik is daarvoor dat die skaduwee van die Russiese Kolos donker oor Europa lê, en dreigend oor die wêreld val.

### PLAASARBEIDERS

Die Kommunistiese Party stel lankal in vooruitsig die stigting van vakbonde vir kleurling-plaasarbeiders. Die organisering van die dorpskleurlinge in vakbonde is die voorspel tot die organisering van die plaasvolk in 'n vakbond; en die staking van die dorpskleurlinge in die droëvrugte-bedryf is die voorspel tot die staking van die plaasvolk.

Die kommuniste vertel aan die plaasvolk dat die boere hulle uitbuit en dat hulle gevolglik in ellendige toestande verkeer. Hulle verklaar dat die oplossing is die „likwidering" van die boere en die verdeling van die boere se plase onder die kleurlingarbeiders. Op hierdie wyse word die tradisionele vertrouensgrondslag tussen die Afrikanerboer en sy plaasvolk ondermyn. Sen. Basner, die kommunis, wat 'n lid is van ons parlement(!) het onlangs op Johannesburg aan 'n naturellegehoor verklaar: „In die Parlement kan ek vir julle niks doen nie. Die oplossing is in julle hande!"

Die kommunisme neem steeds groter omvang aan.

### AUSTRALIË TREE OP

Die Australiese Arbeidersparty het, na Reuter berig, met 'n veldtog teen die kommunisme begin. Daar is verklaar dat die kommuniste al baie vakbonde ingepalm het en dat hierdie gevaar nou bestry sal word.

'n Woordvoerder van die party het gesê dat hoewel hulle die Russe bewonder, hulle nie gaan toelaat dat hulle politieke filosofie in Australië ingevoer word nie.

Dit is wat die Arbeidersparty in Australië wil doen. Wat gaan ons regering doen in 'n land waar kommunisme swart oorheersing beteken?

### WAT IS 'N POLITIKUS?

Volgens Hansard het mnr. Stratford, lid vir Parktown, onlangs in die Volksraad die volgende gesê:

„Ek voel dat dit uiters ongelukkig sal wees as daar in die volgende uitgawe van die woordeboek deur ons gevind word dat daar teenoor politikus geskryf word: ,'n term of benaming wat voorstel iemand met 'n lae intelligensie en twyfelagtige eerbaarheid' ".

„Dit is nie onvanpas om aandag te vestig op die feit dat die term ,politikus' dreig om daardie betekenis aan te neem nie".

Dit het hierdie voorbanker van die Verenigde Party gesê!

## Valse Vakbonde Van Kommuniste


In 'n vorige uitgawe het ons reeds die Suid-Afrikaanse Vak- en Arbeidsraad gewaarsku oor die toestand in die arbeidswêreld. Meer en meer is die kommuniste besig om die vakbonde van die werkers te verkrag en propaganda-unies daarvan te maak.

In ons land is daar 'n bose verdeling tussen vakunies — sommige is egte vakunies, meeste is kommunistiese propaganda-unies. En die egte unies voer 'n bittere stryd teen die insypeling van kommunistiese agitators. Dit is in die beste belange van die werkers — tewens dis onvermydelik vir die behoud en voortbestaan van die vakbondbeweging — dat die kommunistiese propaganda-unies uitgeroei word en egte vakbonde, beheer deur die werkers self en nie deur Moskou nie, tot hul reg sal kom.

Laat die Suid-Afrikaanse Vak- en Arbeidsraad wat nie die propaganda-unies wil beveg nie, op hierdie vraag antwoord: By watter unie moet die bona fide droëvrugtewerker, wat nie handlangerdiens aan die kommunisme wil verrig, aansluit, solank die Food and Canning Workers' Union 'n kommunistiese propaganda-unie bly?

Sal mnr. Madeley, die arbeidsminister, wetgewing indien om te belet dat kommuniste lede word van vakunies? Of sal mnr. Madeley die huidige arbeidswetgewing sodanig verander dat daar naas die propaganda-unies ook plek ingeruim word vir egte vakbonde, met 'n Christelike instede van 'n kommunistiese grondslag?

Veldkte. A. Fahrenfort van die Parow-vrouekommando het op 26 Mei 'n teepartytjie by haar huis gehou ten bate van O.B.-dag. Die bedrag van £2-7-0 is ingesamel.




'N EGTE AFRIKAANSE PRODUK

EN VERBAN ALLE VERKOUES, HOES, HOOFPYN, AAMBEIE, WINTERHANDE, ENS.

Bevat BOEGOE

Handelsnavrae: INTERNASIONALE KOPERS (EDMS.) BPK., Posbus 3180 KAAPSTAD

*ALGEMENE HANDELAAR*
en
*PRODUKTE KOPER*
S. J. KRYNAUW
vir
Kruideniersware teen die billikste pryse.
Bestellings word opgeneem en onmiddellik by u huis afgelewer.
H/v. GARCIA en NUWESTRAAT
Foon 68 Bus 54
BEAUFORT-WES.

ONS STAAN
IN DIENS VAN
DIE BOEREVOLK
VIR ALLES
SONOP
BLOEMFONTEIN
DIE WINKEL
MET 'N IDEAAL

*So Pas Verskyn!*

- **TREK**
Geskiedenis van die mobiliteit van die Pioniersbevolking aan die Kaap, deur Dr. P. J. van der Merwe . . . . . . . 11/- posvry
- **DIERETUIN-SIELE**
deur A. J. J. van Pletzen 4/9 posvry
- **DREUNING IN DIE LUG**
deur M. Steyn van Rooyen 6/3 posvry

HERDRUKKE:
- **Vlaktes en Sterre**
deur Elizabeth Vermeulen 8/9 posvry
- **Terug na Kommando**
L. A. Visagie . . . . 6/4 posvry

PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL
Posbus 29 — STELLENBOSCH

# PARTYPOLITICI KAN OORLOG NIE VOER

Mense wat so vuriglik pleit vir die parlementêre demokrasie, verloor uit die oog dat hierdie stelsel nooit kan werk in tye van krisis nie. Maar as dit in tye van nasionale nood nie deug nie, wanneer die politici darem ten minste probeer om grootmoedig te wees, hoe kan dit dan deug in die gewone loop van omstandighede wanneer al die kleinlikheid vrye teuels het?

'n Pragtige voorbeeld vind mens in Engeland tydens die oorlog. Nie alleen het die partye dadelik by die uitbreek van die oorlog 'n koalisie gevorm — d.w.s. die politieke wedstryd gestaak nie — maar Churchill het besef dat hy in so 'n krisistyd sy regering nie uit partypolitici kan saamstel nie. **Hulle deug nie vir iets groots nie omdat hulle net gewoond is aan praat. Gevolglik het hy die belangrikste poste in die kabinet toegesê aan nie-partylede.** Die minister van finansies en minister van oorlog, sir John Anderson en sir James Grigg, onderskeidelik, was twee hooggeplaaste amptenare en nie partypolitici nie, terwyl die minister van heropbou, lord Woolton, die minister van voorrade, sir Andrew Duncan en die minister van oorlogsvervoer, lord Leathers, drie groot besigheidsmanne was.

**Partypolitici sou hierdie lewensbelangrike poste net so laat skipbreuk ly het as min. Harry Lawrence die vraagstuk van behuising laat skipbreuk ly het. Partypolitici kan wel verkiesings wen, maar nie regeer nie!**

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

# Die O.B. Verkoop Geweier In Spoorwegwinkels

## Kommuniste en H.N.P. Bevoorreg — Minister se Snaakse Rede

DIE PARTYPOLITICI MOET 'N ONTSETTENDE VREES VIR DIE OSSEWABRANDWAG KOESTER, TE OORDEEL NA DIE SORGVULDIGHEID WAARMEE SOWEL REGERINGS- AS OPPOSISIEPARTY ALLE NUUS OMTRENT DIE VOLKSBEWEGING VAN DIE PUBLIEK PROBEER WEGHOU. **Die opposisie-party vermy nou al vir byna vier jaar enige stukkie nuus wat die Ossewabrandwag as iets lewends aan die publiek kan voorstel. Selfs betaalde advertensies ten behoewe van die O.B. se Noodhulpfonds, d.w.s. ten behoewe van afhanklikes van geïnterneerdes, word deur die opposisie-pers konsekwent van die hand gewys. Dit mag dalk openbaar dat die Beweging wat hul leier as 'n kopbeen beskryf het, glad nie so dood is as wat die lesers moet glo nie.**

Maar ook die politici aan regeringskant doen hul uiterste bes om te verhoed dat die O.B. sy saak aan die algemene publiek stel. Dit sal dodelik wees vir hulself. Hierdie feit word deur hulle aanvaar.

Die Spoorweë se publisiteitsafdeling verkoop ook koerante en tydskrifte in sy boekwinkels op stasies. Aangesien die uiteenlopendste soort leesstof daar verskaf word, moet aangeneem word dat politieke gesindheid nie in aanmerking geneem word nie. **So by voorbeeld word Die Kruithoring, amptelike blad van die H.N.P., sowel as die Guardian, amptelike orgaan van die Kommunistiese Party, in Spoorwegboekwinkels verkoop.**

'n Jaar gelede het die O.B. aansoek gedoen om dieselfde vergunning. Dit was toe die opposisie-pers volgehou het dat die O.B. en die regering met mekaar skakel. **Die aansoek is deur die bestuurder van die Publisiteitsafdeling van die hand gewys na herhaalde aandrang op 'n antwoord en na maandelange gesloer.** As rede vir die weiering is aangevoer: „Dit is as gevolg van die algemene beginsels waarop die besigheid van my Departement gedryf word".

### BRIEF AAN MINISTER

Op 9 Februarie l.l. is 'n brief aan die Minister van Spoorweë geskryf. **Op 12 April is antwoord ontvang dat „die saak sorgvuldig aandag geniet het, maar dat dit hom (die Minister) spyt dat daar aan die versoek nie voldoen kan word nie".**

Hierop is aan die Minister geskryf om verstrekking van redes en te sê aan watter eise van die Administrasie Die O.B. nie voldoen nie. Die antwoord het op 21 Mei gekom met onderstaande inhoud:


**„In antwoord moet ek u meedeel dat die Minister, na sorgvuldige oorweging van die saak, tot die besluit geraak het om, met die oog op DIE HOUDING VAN DIE REGERING TEENOOR DIE OSSEWABRANDWAG, nie aan u versoek gevolg te gee nie".**

**Dit staan vas: Weens die houding van die regering teenoor die H.N.P. word Die Kruithoring verkoop, en weens die houding van die regering teenoor die kommuniste word die Guardian verkoop.**

**Minstens die berugte „skakelstorie" is hiermee die kop ingeslaan. Maar bowe-al illustreer dit op treffende wyse die vrees van die politici om die Ossewabrandwag 'n kans te gee om tot die volk te spreek. Hulle weet hulle is nie bestand teen die O.B. se beleid nie.**

### LAERTREK GEHOU OP UPINGTON

Tussen 7 en 14 April het die offisiere van die Upingtonse generaalskap (A15) laer getrek op Gifkloof, die plaas van hoofgenl. De Wet Strauss, onder leiding van hoofkomdt. P. A. van Heerden, Direkteur van Laertrekkings.



**Genl. J. A. Strauss wat onlangs bevorder is tot Hoofgeneraal.**

Almal het dit baie leersaam gevind en sal graag weer so bymekaar wil kom. Onder die offisiere wat die laertrek bygewoon het, was hoofgenl. J. A. Strauss en generaal dr. F. M. Joubert. Laasgenoemde is pas aangestel in bevel van die Upington-generaalskap.

**Laergangers het hulle o.a. besig gehou met landsdiens en die uitroeiing van die skadelike asbos wat die gras verdring en daardeur die veld vir weiding nutteloos maak.**


Dan was daar ook interessante lesings oor die O.B. se sienswyse omtrent 'n nuwe wêreldorde. Daeliks is daar vir ontspanning in die Oranjerivier geswem.

### „PARTYBELEID"

Dr. Colin Steyn, Minister van Justisie, het in die parlement gesê dat die regering nie teen die kommunisme kan optree nie omdat „dit 'n partybeleid is net soos dié van enige ander party".

Teen die Ossewabrandwag dreig hy egter met noodregulasies selfs in vredestyd.

VERLANG U NA
Blakende Gesondheid
Sterk Senuwees
'n Mooi Liggaamsbou
en
REUSEKRAG?
JOHAN HEFER
sal
u opbou van 'n swakkeling tot 'n stoere man
met
SPIERE SOOS YSTER
en
SENUWEES VAN STAAL
Dit maak nie saak hoe sieklik of swak u is nie. JOHAN HEFER se beroemde metodes sal u gesond en sterk maak.
JOHAN HEFER
Bus 3494 KAAPSTAD



JOHAN HEFER

Stuur my asseblief, sonder verpligting, volle besonderhede omtrent u kursus.
Naam ..........................................
Adres ..........................................

# Oorlogsmetodes Sal Toegepas Moet Word Teen Gevestigde Belange

## VERWESENLIKING VAN O.B. SE WELVAARTSBELEID

**Volgens belofte moes ek nou begin het met die verduideliking van ons welvaartsbeleid in besonderhede. Met die oog daarop het ek toe die eerste punt onder die „Algemene Beleid" in oënskou geneem en dit nader betrag.**

**Dit lui so: „Privaat eiendom word gehandhaaf en beskerm so ver dit nodig is vir die persoonlike vryheid, maar word onder staatsbeheer gestel of opgehef in sover die volkswelvaart dit vereis".**

Dit klink goed en is nie baie moeilik om te verstaan nie. Altwee die kante van die saak word in ag geneem: dit is dus nie kapitalisme, wat net aan die privaat eiendom dink nie, en ook nie kommunisme, wat net oog het vir opheffing van die privaat eiendom nie.

Deur
Prof. L. J. DU PLESSIS

**Dit erken die reg van privaat eiendom ter wille van die persoonlike vryheid, maar erken tegelyk ook die reg van die staat om, ter wille van die volkswelvaart, die privaat eiendom aan bande te lê en selfs op te hef.**

Dit lyk gesond en goed, en so in die algemeen sal daar ook wel nie veel beswaar teen wees nie. Daar sal miskien net geredetwis word oor die vraag in hoever die staat verplig is tot skadevergoeding by opheffing van privaat eiendom.

Maar kom nou tot konkrete besonderhede! Dan verander die prentjie, dan kom die hele vooruitgangsaboterende masjinerie van gevestigde belange en party-politiek in werking, en ons vorder niks nie.

### POPPE EN POLITICI AAN DANS

Sê b.v. die volkswelvaart vereis opbreking van die maatskappy-plase, of, soos nou blykbaar geword het by die lydensgeskiedenis van die behuisingskema, beëindiging van spekulasie in bougronde in en om die stede, dan gaan die poppe aan danse: **die koerante begin besware soek, vergaderinge word gehou, partyleiers sien 'n kans om munt te slaan en ministers gaan op die loop! Die saak self is dood-eenvoudig: onteien eenvoudig die onproduktiewe maatskappy-plase of pen die pryse van moontlike bougronde op een of ander peil vas. Maar die demokratiese masjien maak onder die inwerking van gevestigde belange die uitvoering onmoontlik. En hier sit ons eintlike moeilikheid — nie by wat gedoen moet word nie, maar by hoe om dit gedoen te kry.**

Oor die eerste is daar nie veel verskil van mening meer nie, maar oor die tweede het die nuwe beskouing nog die teëstand van die groot meerderheid.

### ONMOONTLIKE STELSEL

Blank Suid-Afrika is ongetwyfeld oor die geheel ten gunste van groter sosialisasie, sonder om tot kommunisme te verval, veral ook wat die goudmyne betref, maar selfs ten opsigte van die boerdery met die oog op meer kontrole van landboumetodes en pryse, ens. Gepaard hiermee gaan 'n lewendige begeerte na 'n sterker ontwikkeling van ons inheemse nywerheid met verspreiding daarvan ook oor die platteland. Tog word terselfdertyd 'n meer demokratiese regeringsvorm verlang en geen algemene begeerte geopenbaar na 'n kragtiger regeringstelsel nie.

Blykbaar word nie besef dat die **kragtige nywerheids-ontwikkeling van Suidelike Afrika en groter sosialisering van die ekonomiese lewe 'n planmatige optrede vereis wat eenvoudig nie verseker kan word deur die metodes van die parlementêre demokrasie nie. En hiervan maak die kapitalisme handig gebruik deur die opposisie teen die kapitalisme af te lei tot verset teen enige diktatuurstelsel, en so tot verdediging van die demokrasie, waarbinne die kapitalisme juis veilig is, altans totdat dit oorslaan tot kommunisme.**

Daarom bly dit nodig om aanhoudend daarop te hamer dat die ekonomies-sosiale hervorming wat ons omtrent almal verlang, veral ook in die omvattende vorm soos onlangs deur my in „Die O.B." aangedui, neerkom op 'n geweldige omkering in bestaande verhoudinge en 'n botsing op groot skaal sal meebring met gevestigde belange. **Dit kan dus alleen deurgevoer word deur 'n kragtige regeringsgesag.**

### OORLOGSMETODES

**Ons kan dit beskou as 'n sosiale binnelandse oorlog waarin sukses alleen bereik kan word deur die regeringsmetodes van die oorlogstyd toe te pas, n.l. die opstelling van planne deur deskundiges en die onverbiddelike deurvoering van die opgestelde planne deur 'n „nasionale" regering wat nie belemmer word deur parlementêre geredekawel of party-opposisie of verbrokkeling van gesag nie.**

Maar omdat dié sosiale oorlog wat ons sal moet voer, die volk ten diepste sal aantas in al sy belange en lae, **daarom moet die mag agter die regering 'n volkseenheidsorganisasie wees en die uitvoerende organe van die regering in die nouste voeling werk met verteenwoordigende bestuursrade van die verskillende beroepsvertakkinge in die volkslewe.**

Daarom het ons ook aan die end van ons opsomming van ons welvaartsbeleid in „Die O.B." van 25 April geskryf: „So'n beleid kan alleen deurgevoer word deur 'n eenheidstaat wat sy gesag ontleen aan die steun van 'n omvattende volksbeweging met inskakeling van behoorlike beroepsverteenwoordiging vir alle bedrywe".

### VOLKSFRONT NODIG

Die Ossewabrandwag se taak is nou veral om 'n volksfront te skep vir almal wat hierdie insig verwerf het en dit tot werklikheid wil deurvoer, afgesien van hulle teenswoordige vakunie- of party-aanhorigheid en afgesien van enige stellingname in die verlede ten opsigte van die oorloë in die buiteland of die binnelandse nasionale stryd.

**Ons het 'n volksfront nodig om ons oë en gedagtes en kragte verenigd na die toekoms te rig, weg van die kapitalisme met al sy verouderde, onnatuurlike verdelinge en reg teen die kommunisme in met sy nuwerwetse, onnatuurlike gelykstellinge, maar daarom ook tegelykertyd weg van die parlementêre demokrasie met sy onnatuurlike volksverbrokkeling en teen die diktatuur met sy onnatuurlike volksgelykmaking, tot eenheid in veelheid.**

## Churchill Erken Swakheid van Parlementarisme



Die euwels van die partypolitieke verkiesings, wat niks anders is as konstitusionele burgeroorlog nie, word selfs nie deur die parlementêre demokrate weggesteek wanneer dit hulle geld nie. So skryf Churchill aan die Arbeiderleiers in verband met die aanstaande verkiesing as volg:

**„Ons het reeds etlike maande al gebuk gegaan onder hierdie verkiesingsatmosfeer, wat, ek is daarvan oortuig, reeds die doeltreffendheid van ons administrasie beïnvloed en eerlang die land kan verswak op 'n oomblik wanneer dit bo alles sterk moet wees".**

Deurdat die partypolitiek 'n volk in twee (of meer) strydende groepe verdeel wat elke vyf jaar hul krag teen mekaar meet by die stembus, veroorsaak dit 'n kroniese toestand van burgeroorlog. Daar word wel nie met vuurwapens geveg nie, **maar die volk word so in beroering en tweespalt gehou dat niks opbouends verrig kan word nie. In plaas van te werk, moet die lede van die volk voortdurend veg — nie teen 'n uitwendige vyand nie, maar teen volksgenote wat op kunsmatige wyse as vyand voorgehou word, omdat die parlementêre grondwet vereis dat daar minstens twee groepe in die land moet wees wat mekaar beveg.**

Onder hierdie verkiesings- en burgeroorlog-atmosfeer gaan alle volke voortdurend gebuk binne die parlementêre stelsel. Dit hoort nie so nie. **'n Volk moet saamwerk, nie teen mekaar veg nie.**

Indien melk gebrand het, plaas dit dadelik in 'n skottel met koue water en voeg 'n knippie sout by. Sodoende word die gebrande smaak verwyder. Spoel die kastrol waarin melk verhit gaan word, eers in koue water af, dan is daar minder gevaar van skroei.



NEEM TOE IN POPULARITEIT

IN 'N VERANDERENDE WÊRELD
Kommando
-SIGARETTE
ROND OF OVAAL
WAARDE VIR GELD
BH 2275

ONS JASSE,
BAADJIE- EN JUMPER-
PAKKE IS VAN
BEROEMDE SNYERS
*U SAL DIE SNIT EN STYLE WAARDEER*
Steyns
*DIE DAMESWINKEL*
PAROW

SASBANK
*Verrig Volksdiens!*
Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.
*Terme uiters billik.*
RAADPLEEG SASBANK
PAARL:— Posbus 266
WORCESTER:— Posbus 57
KAAPSTAD:— Posbus 2387

UITBOUING VAN ONS EIE PERS!
DRA U DEEL BY
DEUR NOU AANDELE TE NEEM IN
PERS-BELEGGINGSKORPORASIE BEPERK
*Skryf om 'n Prospektus en Aansoekvorms aan:*
Die Sekretaris,
Pers-Beleggingskorporasie Bpk.,
Posbus 1411,
Kaapstad.

DIE O.B., WOENSDAG, 6 JUNIE 1945.

# Diktatuur van die Pers

In die parlement het sen. Basner, iemand met wie se politieke gesindheid die O.B. hom nie vereenselwig nie, 'n baie skerp lig laat val op die wantoestand van ons koerantwese in die land. Die O.B. het reeds by 'n vorige geleentheid aangestip hoe die Engelse koerante deur die kapitalistiese groepe beheer word en die Nasionale koerante deur 'n politieke party. Met uitsondering van Die Vaderland, wat 'n onsydige houding ten opsigte van ander politieke groepe inneem, en wat die enigste Afrikaanse dagblad is wat ook onpartydige nuus van O.B.-bedrywighede plaas, geniet die O.B. geen erkenning nòg in die Engelse nòg in die Afrikaanse pers nie. **Die Engelse pers boikot hom omdat hy anti-kapitalisties is, en die Nasionale pers omdat hy anti-partypolitiek is. Die volk van Suid-Afrika het dus geen middel om bekend te raak met wat die nuwe gedagte hom aanbied nie — 'n reg wat elke persoon binne 'n land wat vir demokraties deurgaan, sekerlik op aanspraak kan maak.** Vier jaar lank weier die pers van die H.N.P. selfs om 'n betaalde advertensie ten behoewe van die vroue en kinders van geïnterneerde Afrikaners te publiseer, hoewel hierdie koerante mense betaal om advertensies by Joodse firma's te gaan afbedel, en sonder beswaar advertensies van Verenigde Party-vergaderings en oorlogsbyeenkomste plaas. Die posisie van die Volksbeweging in ons land, sover dit beriggewing betref, is dus nog baie slegter as dié van daardie politieke groepe in die parlement waaroor sen. Basner hom beklaag.

Die oplossing wat hy in die parlement aangebied het, naamlik koerante wat deur die staat uitgegee word, mag wel vir sen. Basner en sy kommuniste tot voordeel strek, maar is vir die Ossewabrandwag van geen betekenis nie. **Die staat onder die huidige stelsel is die politieke party aan bewind, en wat die O.B. van enige van die huidige politieke partye te wagte kan wees, illustreer reeds hul persbeleid. Die staat weier selfs om Die O.B.-blad op gelyke voet met die kommunistiese Guardian en H.N.P.-Kruithoring op Spoorwegstasies te laat verkoop. Uit hierdie geweste is daar vir ons geen uitkoms nie.**

## OERWOUD-STELSEL

In 'n staatstelsel waar daar geen vrye pers is nie, waar dié wat die sterkste pers agter hom het, die septer swaai, in so'n stelsel van oerwoud-politiek, is dit gebiedend noodsaaklik dat hy wat wil lewe, die middele self moet verskaf om sy bestaan te verkondig. 'n Aantal jare gelede kon die Ossewabrandwag sy beleid nog deur middel van nasionale koerante bekend maak. Dit was in die dae toe die H.N.P.-politici nog soos die O.B. gedink het, dae toe dr. Malan hom as volg oor die vryheid van die pers uitgelaat het:

> **„Die pers moet sy baas dien en op dié wyse word die publieke mening in Suid-Afrika gemanipuleer deur die geldmag. Waar dit die geval is, het die demokrasie 'n diktatuur geword, en daardie soort demokrasie moet weggevaag word".**

Die feit dat dr. Malan en sy pers ná die Duitse nederlaag hierdie „demokratiese" geldmag-diktatuur nou weer ondersteun en bepleit, het die waarheid nog nie verander nie. Slegs het dit die O.B. se stryd om verlossing uit hierdie diktatuur moeiliker gemaak. **Al oplossing vir ons is om ons eie pers oor die lengte en breedte van die land op te rig. Die fondamente hiervan is reeds gelê, en dit is nou die taak van elke O.B en elke Afrikaner wat hierdie „demokratiese" diktatuur van hom wil afskud, om sy bydrae te lewer deur aandele te neem in ons eie persontwikkelingskorporasie. So sal ons nie net ons eie stem hoorbaar maak nie, maar ook die weg baan tot „wegvaging" van die huidige oerwoud-stelsel waarin die geldmagtiges regeer.**

## OPDRAG UIT MOSKOU

Tot hoe 'n mate Engeland onder die bevel van Moskou staan, is andermaal bewys toe die Britte voorverlede week die Dönitz-bewind in Duitsland beëindig het. Russiese koerante het baie geraas oor hierdie erkenning van adm. Dönitz. **Amptelik is toe van Britse kant beduie dat hierdie militêre bewind vir Engeland net so nuttig is as 'n Duitse boer wat aartappels plant.** Alle praatjies was egter tevergeefs. Stalin het blykbaar opdrag gegee dat Dönitz verwyder moet word, **en onder toesig van 'n swygende Russiese generaal het 'n Britse offisier die onaangename taak uitgevoer.** Die Engelse pers het probeer beduie hoe 'n pynlike vernedering dit vir Dönitz was. **Die vernedering was egter aan Britse kant wat 'n bevel van Stalin moes uitvoer.**

## HITS NOG AAN

Onderwyl die opposisieparty in die parlement vir propaganda-doeleindes die regering aanval omdat hy nie die noodregulasies ophef en die geïnterneerdes loslaat nie, pleit hulle in dieselfde asem vir optrede teen ander mede-Afrikaners. So het mnr. Paul Sauer voorverlede week nog, volgens verslag in Die Burger self, die regering verwyt omdat hy nie teen „georganiseerde misdaad" optree nie, bedoelende daarmee sabotasiedade wat aan die Ossewabrandwag toegeskryf is deur H.N.P.-politici. Mnr. Sauer het woordeliks gesê:

**„Het die Minister ooit enige stappe gedoen teen die mense wat bevele gegee het om telegraafdrade te knip? .... Die Minister wil georganiseerde misdade nie uitroei nie, en die rede is dat hy daardie potensiële vriende van hom wil beskerm".**

# *Vir Bewoners van Glashuise is dit Gevaarlik om met Klippe te Gooi*

(Deur Prof. J. A. Wiid)

Die oorsese kabeldiens, radiodiens, rolprente en radioprente staan vandag in die diens van 'n gruwelpropaganda. Hiervolgens lyk dit byna of die Duitsers in die jongste tyd meer wreedhede as die Geallieerdes en hulle Russiese bondgenote in die hele oorlog gepleeg het.

Hierdie soort gruwelpropaganda is nie onbekend nie. In die eerste Wêreldoorlog sou die Duitsers, volgens die destydse gruwelpropaganda, Belgiese en Franse kinders se hande afgekap het, vrouens se borste afgesny het en lyke uitgebraai het. Kort na die vrede is toe van die Geallieerdes se kant erken dat hierdie gruwelstories blote versinsels was. Die Engelse skrywer, lord Ponsonby, het in sy bekende werk oor die destydse oorlogspropaganda die leuenagtigheid van die gruwelstories nog verder aan die kaak gestel.

## DIT LYK IETWAT VERDAG

In verband met die jongste vloedgolf van gruwelpropaganda waarvoor die rolprent gebruik word, kan die volgende kommentaar gelewer word: Die doel van die gruwelpropaganda is duidelik. Die Duitse volk word voorgestel as uiters wreed en onmenslik. So'n volk moet swaar gestraf en heropgevoed word. So'n volk verdien nie 'n „sagte" vrede nie. Dit is ongeveer die indruk wat die gruwelrolprent op die onkritiese mens maak.

In sy strewe om die Duitsers gewoonweg as onmenslike wreedaards voor te stel, versuim die gruwelrolprent om daarop te wys dat toestande in Duitsland as gevolg van 'n byna sesjarige oorlog, as gevolg van Geallieerde seeblokkade en lugaanvalle en as gevolg van die vyandelike invalle aan alle fronte, nie anders as uiters chaoties en gedesorganiseerd moet wees nie. In dergelike chaotiese en gedesorganiseerde toestande — en volgens die Geallieerdes se oorlogsberigte kon dit nouliks erger gewees het — is dit nie alleen moontlik nie maar selfs waarskynlik dat uiters haglike toestande in die Duitse konsentrasiekampe geheers het. As honderdduisende Duitse vrouens en kinders as gevolg van die Geallieerdes se lugaanvalle die verskriklikste ontbering, marteling en dood moes ly, hoe kan 'n mens dan verwag dat dit in die konsentrasiekampe alles fatsoenlik moes gegaan het. Dit is dus meer as waarskynlik dat die wantoestande in die Duitse konsentrasiekampe waarmee die gruwelpropaganda hom besig hou, die gevolg is van desorganisasie en oorlogsnoodtoestande en veel minder die gevolg van 'n doelbewuste beleid van die Duitse owerheid. Elkeen weet dat daar in abnormale tye van oorlog in alle lande dinge gebeur wat in normale vredestye waarskynlik onmoontlik sal wees. Maar waarom dan die hele Duitse volk verantwoordelik hou vir wat in sy konsentrasiekampe plaasgevind het?

Volgens die rolprent is dit nie duidelik watter soort mense in die Duitse konsentrasiekampe opgesluit was en wat die redes vir hulle opsluiting was nie. Trouens die Afrikaanse nuusdiens uit Londen noem die kampe „gevangenekampe" en nie „konsentrasiekampe" nie. Waarom? Is dit miskien omdat konsentrasiekampe in Suid-Afrika nie onbekend is nie?

Soos ons weet is dit politieke vyande van die Duitse regering en nie krygsgevangenes nie wat in konsentrasiekampe opgesluit word. Die vernaamste politieke vyande van die Nazi's is waarskynlik die Jode. Dit is dus moontlik dat Jode sterk in die konsentrasiekampe verteenwoordig was. Daar is egter niks in die rolprent wat aan Jode herinner nie. Waarom nie? Alleen op een plek in die rolprent word 'n menslike liggaamsdeeltjie skynbaar toevallig getoon wat nie Joods kan wees nie. Waarom?

## NIE GRUWELPROPAGANDA MAAR HISTORIESE FEITE

Maar waarom moet Suid-Afrikaners ingelig word oor gruwels in Duitse konsentrasiekampe, aangesien ons aan eie lyf genoeg ondervinding van Engelse konsentrasiekampe opgedoen het? Volgens argivale bronne kom die totale getal Boerelewens wat in die Engelse oorlog verlore gegaan het op **34,116** te staan. Daarvan het maar **3990** op die slagveld gesneuwel en alles tesame is **5071** op kommando dood. Vir elke honderd Boerelewens verloor, het agttien op die slagveld omgekom, waarvan maar net twaalf werklik gesneuwel het; die ander **82** het onder Britse beskerming om die lewe gekom; van hulle was **65** kinders onder sestien jaar. (Hierdie gegewens kan in die Transvaal-Argief Pretoria gevind word).

Dit is dan ook geen wonder dat selfs 'n lord Milner aan sy hoof, mnr. Joseph Chamberlain, moes skryf: „The black spot — the one very black spot — in the picture is the frightful mortality in the Concentration Camps. ......The fact that it (the mortality) continues is no doubt a condemnation of the Camp system. The whole thing, I think now, has been a mistake". (Milner aan Chamberlain 7-12-1901). Milner Papers, Deel II, bls. 229).

'n Flater, ja seker! Intussen egter het 27,927 Afrikaners die lewe in die Engelse konsentrasiekampe verloor. Vir die klein Afrikanervolkie was dit 'n ontsaglike verlies.

Vir bewoners van glashuise is dit voorwaar gevaarlik om met klippe te gooi.

# *Hulp Aan Duitse Vroue*

In verband met die oproep insake hulpverlening aan Duitse vroue en kinders kondig genl. mev. J. S. du Toit aan dat sy by die betrokke owerheid navraag gedoen het en dat dit uiters twyfelagtig skyn te wees of daar vereers gevolg gegee sal kan word aan wat deur haar beoog was. **Genl. Du Toit sal egter in voeling bly met die betrokke gesag en sodra dit bekend word dat kanale beskikbaar is, sal sy dit onmiddellik aankondig.**

**BRAAIVLEISAAND**

te

**HOU MOED, Durbanville**

(Mnr. Fouché se plaas)

op

**SATERDAGAAND, 9 Junie 1945**

om 7 n.m.

—o—

**Toespraak:**

**Hoofkomdt. N. G. S. v. d. WALT.**

—o—

Alle belangstellendes welkom!

# POLITIKUS SE AANKLAG TEEN S.A. PERS

Die volslae onmag van die Suid-Afrikaanse pers om 'n onbevooroordeelde en suiwere weergawe te gee van wat op politieke gebied aangaan, is voorverlede week deur sen. Basner in die parlement behandel toe hy voorgestel het dat die staat self koerante moet uitgee ten einde 'n suiwere beeld van die nuus aan die publiek te verskaf.

Sen. Basner het met verwysing na die Afrikaanse pers gesê dat hierdie koerante glad nie eens voorgee om onpartydig te wees nie. Elkeen wat 'n Afrikaanse koerant koop, weet watter standpunt daardie koerant verkondig. Die Nasionale koerante, het hy gesê, is geen salf aan te smeer nie.

„Vir die parlementêre stelsel is dit volstrek noodsaaklik dat die publiek reg ingelig word", het hy verklaar. „Die kiesers is nie bevoegd om aan die demokratiese lewe van die staat deel te neem en die regte verteenwoordigers en partye te kies nie, tensy hulle bekend is met die sake waaroor dit gaan en die gehalte van die manne wat na die parlement gestuur word. Die pers doen dit nie.... net die slegste gesigspunte word aan die publiek voorgehou. Slegs wanneer daar 'n rusie is, wanneer iemand uitgegooi word, word die nuus aan die publiek verskaf". **Die gevolg hiervan, het spr. gesê, is dat manne met karakter en bekwaamheid nie na die parlement wil gaan nie.**

## DIE BASE


Sen. Basner het vervolgens gesê dat die pers in Suid-Afrika deur die goudmyne besit en beheer word. Die Argus-maatskappy besit of beheer die Star in Johannesburg, die Cape Argus in Kaapstad, die Daily News in Durban, die Diamond Fields Advertiser in Kimberley, die Pretoria News, The Outspan, en 'n aantal koerante in Rhodesië. Benewens dit het hy 10,000 aandele in The Friend van Bloemfontein. **Die grootste gedeelte van die aandele word beheer deur die goudmynnywerheid en John Martin, wat direkteur van nie minder as vyftig maatskappye is nie. Die direkteure van die maatskappy is almal mynmagnate met hulle belange in Engeland. Daarom dat hierdie koerante nie hul steun toesê aan 'n eie nywerheidswese in Suid-Afrika nie.**

Hierdie groep beheer nie net die koerante nie, maar ook die maatskappy wat die nuus aan die koerante verskaf en die maatskappy wat die nuus na die land bring.

Die Sunday Times-sindikaat word deur die myne beheer en die Cape Times deur versekeringsmaatskappye en groot besigheidsmanne. Vanselfsprekend sal laasgenoemde teen 'n stelsel van staatsversekering wees.

„Die koerant-posisie is uiters ongesond in Suid-Afrika en die enigste instelling wat nog 'n koerant kan uitgee is die regering", het sen. Basner ten slotte gesê.

# Politieke Slagoffers van 'n Partybewind



JOHAN D. W. MARAIS.

**Polisie-kursus voltooi kort voor uitbreek van oorlog. Weier rooi-eed. In hegtenis geneem te Port Elizabeth op 31 Des. 1941. 2 Maande in tronk, daarna geïnterneer. Ontsnap uit Koffiefontein-kamp. Weer gevang te Brits op 24 April 1944; terug na Koffiefontein. Onder plaasarres sedert 5 Jan. 1945. (By ouerwoning in Humansdorp-Distrik).**

**„Ek sal my mede-Afrikaner nie in die steek laat nie en hom nie aan die vyand uitlewer nie".**

# POLITIKUS NEEM TOEVLUG TOT NOODWET

Nadat hy twee jaar lank geweldige beloftes gedoen het in verband met behuising wat dan „in die loop van die volgende twaalf maande" uitgevoer sou word, het min. Harry Lawrence verlede week met leë hande na die parlement gekom om groter mag te vra. **Solank hy die demokratiese weg gevolg het, kon min. Lawrence die vraagstuk van behuising nie oplos nie, en daarom kom eis hy nou by wyse van 'n noodwet diktatoriale mag ten einde sy huise te kan bou.**

**Dit is 'n kragtige onderskrywing van die O.B. se beskuldiging teen die magtelose parlementêre stelsel.** Dit is egter raadsaam om te onthou dat min. Lawrence nou nog maar net die wet het — ten minste wanneer die parlement hom dit eendag gee — en dat die wet nog nie die huise is nie.

Hy sal uitvind dat diktatormagte hier en daar binne die demokratiese stelsel omtrent dieselfde uitwerking sal hê as spykers binne 'n ballon — òf net 'n geraas òf 'n ontploffing.

## ONMOONTLIK

Die parlementêre grondwet VEREIS dat daar 'n regeringsparty en 'n opposisieparty moet wees. Dit VEREIS dus dat die volk in twee strydende groepe verdeel moet wees. Enige politieke party wat beweer dat hy volkseenheid nastreef, verkondig 'n onmoontlikheid. Jy kan nie veg vir die behoud van 'n stelsel wat gegrond is op volksverdeeldheid en terselfdertyd propaganda maak vir eenheid nie. Dit is blote verkiesingsbeloftes.

# Demokrasie Lei Tot Kommunisme

Prof. L. J. du Plessis het telkens al beklemtoon dat die demokrasie met sy parlementarisme uiteindelik tot kommunisme lei omdat die demokrasie ook die kommunistiese party moet erken. Hierdie bewering is verlede week in die parlement bewaarheid. Mnr. D. Burnside het, volgens Die Suiderstem, as volg verklaar:

**„Ek kan nie sien wat die Minister kan doen teen kommunistiese propaganda nie, aangesien alle partye onder ons demokratiese stelsel die reg het om propaganda te maak".**

Die Minister van Justisie self, het kort daarop die standpunt onderskryf deur te sê:

„Kommuniste oortree net so min die wet op oproerige byeenkomste by hul openbare vergaderings, as wat enige ander politieke party in die land dit doen. **Die regstelsel kan nie op een gedeelte van die volk strenger toegepas word as op 'n ander nie".**

**Die gevolg is dan ook dat toe die polisie onlangs in Johannesburg aanklagbriewe teen sekere ophitsers van naturelle by die hof ingedien het, die staatsaanklaer geweier het om te vervolg, ten spyte van die feit dat hierdie aangeklaagdes openlike burgeroorlog teen die blankes aangehits het. Maar hulle is nog mede-demokrate, en word dus beskerm!**

# Tentoonstellings Vir O.B-Dag

## Oproep aan Gebied F

Genl. C. W. Rautenbach, Hoofvrou van Gebied F (Noord-Transvaal) doen onderstaande oproep in verband met O.B.-dag:

„Die blanke Christelike beskawing in ons land is in groter gevaar as ooit tevore. Die krisis vir ons is nog nie verby nie, maar is nog in aantog. Deur die vrede of liewer wapenstilstand in Europa is niks waardevols bereik nie, inteendeel veel is verloor.

„Die volk bly, die Volksbeweging bly en ons plig bly staan. Ons moet bevorder al wat gunstig is vir ons blanke Christelike beskawing en teengaan alles wat dit bedreig. Ons moet die middels, ook die geldmiddels vind vir die bereiking van ons ideaal en bestemming. Laat hierdie beroep wyd weerklank vind en steun Fondsdag vir al wat u werd is.

„Gedeelte van die werk en voorbereiding vir Fondsdag is die tentoonstelling wat in die gebied georganiseer is, soos aan u bekend. Tentoonstelling: Louis Trichardt, op Saterdag 16 Junie; Rustenburg, 23 Junie; Pretoria 29 en 30 Junie in die Eendrachtskoolsaal. Ander plekke soos Nelspruit, Lydenburg, Zwartruggens en Nylstroom in Augustus.

„Die vrou het met die Trek saamgekom, sy trek verder saam op weg na die bestemming van die volk".


KINKHOES?

Hierdie moorddadige siekte, sowel as brongitis, slyme, borskoue, aanhoudende hoes en koorsigheid word gou genees deur

VINDEX HOESMIDDEL

U sal verbaas wees hoe spoedig hierdie ou beproefde boereraat en huismiddel die sieke kalmeer en verlig. By uitstek geskik vir oud en jonk.

STUUR DADELIK 3/6 VIR 'N PROEFBOTTEL EN OORTUIG USELF.

VINDEX

POSBUS 3446 — KAAPSTAD



ROELOU BARRY

(EDMS.) BPK.

GARAGES EN HANDELAARS

Vir Diens te:

Robertson — Montagu
Ashton — Bonnievale
Laingsburg — Koebergweg, Brooklyn



AANDAG!!!

Vanaf 1ste Junie handel SPRINGBOK-MEUBELS as

UNIKA MEUBELS

(EIENS.) BPK.

Huis en Kantoor-Meubileerders

VIR MEUBELS VAN KWALITEIT EN PRAG

Victoriaweg 171
Woodstock

Takbesigheid:
Jan Phillips-gebou — Lady Greystraat, PAARL — Foon 929



G. A. FICHARDT, Beperk

(Lid Afrikaanse Handelsinstituut

MASJINERIE, YSTERWARE, PRODUKTEHANDELAARS

Foon 700 Opgerig 1868

BLOEMFONTEIN



W. VOIGT (Eiens.) Bpk.

Fabrikante van

Kelder- en Besproeiings-masjinerie.

Bus 10 . . . HUGENOOT, K.P.






Belangrike poste word deur OPGELEIDE persone verkry. Honderde T.A.K.K.-studente beklee reeds goed besoldigde betrekkings. U kan net so suksesvol wees. Pos hierdie koepon vandag.

TRANSAFRIKAANSE Korrespondensie-KOLLEGES (EIENS.) BPK.

EX AFRICA SEMPER QUID NOVI

Waarby ingelyf is Universiteits-Korrespondensie-Kursusse (Eiens.) Bpk., Pretoria, en Helpmekaar-Korrespondensie-Kollege T.O., Johannesburg.

Aan: Die Registrateur,
Transafrikaanse Korrespondensiekolleges (Eiens.) Bpk.,
Dept. O.B., Bus 640, Pretoria.

Stuur my, sonder enige verpligting aan my kant, besonderhede omtrent julle kursusse

Naam ...............................

Adres ...............................

Eksamens afgelê ...............................

Ouderdom ...............................

SKRYF ASSEBLIEF IN DRUKLETTERS.

